## **Waarneming & Agtervolging** [31] [32] [33] [34] [35]

Alle opleidingsprogramme wat ontwerp is om individue te beskerm teen landelike terreur beveel aan dat mense waaksaam moet wees teen agtervolging. Dit is goeie raad, maar, ongelukkig is dit in die meeste gevalle onvoldoende, want mense het geen opleiding gehad in die identifisering van waarneming of agtervolging nie.

Misdadigers soos plaasaanvallers is dikwels relatief ongesofistikeerd in hul waarneming metodes. Die opsporing van waarneming of agtervolging deur opgeleide kundiges is nie so maklik soos die meeste Hollywood-rolprente ons sal laat glo nie. Gelukkig is die tipe waarneming wat deur plaasaanvallers uitgevoer word, nie so uitgebrei soos wat dit gedoen word deur intelligensie-organisasies nie en behels dit ook nie soveel mense, voertuie of toerusting nie.

Nietemin, vir mense om 'n redelike kans te hê om die meeste vorme van waarneming of agtervolging die hoof te bied, behoort mense vertroud te wees met die tegnieke wat gebruik word.

Die doel van waarneming is om:

- die geskiktheid van die potensiële teiken te bepaal na gelang van die fisiese en prosedurele veiligheidsmaatreëls wat die individu getref het,
- moontlike knyppunte (lokval posisies) te identifiseer, en
- die mees geskikte tyd, ligging en metode van aanval. Hierdie waarneming kan duur vir dae of weke, afhangende van die tydsduur wat dit die waarnemer neem om al die inligting wat hulle benodig te bekom.

Uit die aard van die saak is dit makliker om ‘n potensiële teiken se roetine vas te stel indien die teiken min of geen voorsorgmaatreëls in plek het nie.

Voordat waarneming geïmplementeer word, word basiese inligting oor die onderwerp vanuit ander bronne bekom. Openbare rekords, asook inligting wat aan aanvallers beskikbaar gestel word deur bv. plaaswerkers, korrupte polisiemanne, bankamptenare (groot onttrekkings), ens. word gebruik.

Sulke inligting sluit in dinge soos nuttige feite oor die individu, name van familielede, adres, 'n beskrywing van voertuie en registrasienommers, foto's, sekuriteitsmaatreëls en CCTV kameras, afdrukke van sleutels, plasing van wapenkluise, gereëlde kuierplekke, ensovoorts. Die waarnemers

sal ook 'n verkenning doen van die omgewing waar die teiken leef en werk. Dit laat hulle toe om posisies vir waarneming te kies, die tipe voertuie om te gebruik, die klere wat gedra moet word, en die tipe alibi om te gebruik wat hulle 'n gewone of normale voorkoms en aanneemlike redes gee om in die gebied te wees. Dit stel hulle ook in staat om in- en uitgangsroetes te bepaal.

[30] CONSTITUTION OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA 1996, Act 108 of 1996

[31] SURVEILLANCE AND THREAT DETECTION: Prevention versus Mitigation by RICHARD KIRCHNER, JR.

[32] Surveillance Countermeasures: A Serious Guide to Detecting, Evading, and Eluding Threats to Personal Privacy by ACM IV Security Services

[33] Secrets of Surveillance: A Professional's Guide to Tailing Subjects by Vehicle, Foot, Airplane, and Public Transportation by ACM IV Security Services

[34] Surveillance in Action Technologies for Civilian, Military and Cyber Surveillance by Panagiotis Karampelas and Thirimachos Bourlai

[35] Security & Counter-Surveillance, 2009 edition; Vancouver, Canada/Coast Salish Territory